

Opsomming van die navorsing van Prof Christo van Rensburg

Prof Van Rensburg se hele loopbaan het in diens gestaan van Afrikaans en danksy hom het verskeie uiters belangrike sienings oor die taal as studieterrrein en oor die taal se herkoms na vore gekom. Reeds sy werk as kenner van Afrikaans se historiese variëteite en ook sy navorsing rakende die herkoms van Afrikaans, in die besonder die invloed van Khoi-Afrikaans, maak hom een van die belangrikste rolspelers nóg in die geskiedenis van die Afrikaanse taalkunde. Sy werk het hy voortgesit ná sy aftrede en op die ouderdom van bykans 80 lewer hy steeds voortrefflike en baanbrekende werk. Weens die vertroulike aard van die nominasieproses beskik ons nie oor sy volledige CV nie, maar uit dit waarvan ons weet en ook kon opspoor, kan reeds 'n prentjie getrek word van 'n werklik baanbrekende akademikus. Die betrokke lys word hierby aangeheg.

1. Sy navorsing oor die variëteite van Afrikaans

Reeds in sy jare as nagraadse student en junior dosent begin hy met veldwerk onder leiding van die legendariese prof. SA Louw vir die opstel van die Afrikaanse taalAtlas, een van die vroeë primêre bronne oor streektaalvariasie in Afrikaans

Prof Van Rensburg was mederedakteur van een van die eerste oorsigtelike Afrikaanse publikasies oor verskeidenheid in Afrikaans:

- Claassen, G.N. & M.C.J. van Rensburg (reds.) 1983. *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.

In hierdie boek het hy self twee belangrike hoofstukke geskryf.

Die boek was die eerste werklike grondige publikasie oor verskeidenheid in Afrikaans en dit het letterlik die pad oopgemaak vir 'n stroom nuwe publikasies en nagraadse studies oor die variasie van en in Afrikaans. In géén studie oor variasie in Afrikaans het hierdie publikasie nie gefigureer nie.

Sedert die begin van die tagtigerjare lei hy as projekteier die belangrike veldwerk oor variasie in Griekwaland-Wes en later ook in die Richtersveld. Hieruit vloei twee kernpublikasies oor interne variasie in Afrikaans:

- Van Rensburg, M.C.J. (*projekteier*) 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Bloemfontein: UOVS. Pretoria: Ongepubliseerde finale verslag aan die RGN.
- Van Rensburg, M.C.J. (red.) 1987. Die Afrikaans van die Richtersveld. Pretoria: RGN.

Sy leierskap in navorsing oor hierdie twee temas het gehelp om die Afrikaans van die Griekwas van die Noord-Kaap en van die mense van die Richtersveld belangrike studieveldde in die Afrikaanse variasietaalkunde te maak. Die waarde van die werk lê egter ook op 'n ander vlak, naamlik dat gemarginaliseerde gemeenskappe se taalgebruik in die hoofstroom van taalkundige ondersoek gebring is. Hierdeur was sy werk bemagtigend en het dit gehelp om 'n eiewaarde aan die sprekers van die variëteite te gee. Hierop het hy in latere jare voortgebou. In onlangse tye het hy so byvoorbeeld wyd gepubliseer oor Khoi-Afrikaans, as 'n uitvloeisel van sy vroeëre werk.

Die waarde van die studies lê op nog 'n verdere vlak, naamlik dié van die opleiding van 'n nuwe geslag Afrikaanse taalkundiges en hulle bekendstelling aan nuwe rigtings in die taalkunde, asook die ontgin van gapings in ons kennis oor Afrikaans. Talle van die latere bekende taalkundiges in Afrikaans het onder sy leiding hulle eerste treë in die wêreld van die akademie gegee. Prof Van Rensburg was ook 'n belangrike medewerker in die uitgebreide navorsingsprojek oor die gebruik en variasie van Afrikaans in Namibië, soos oor die Swart van der Merwes en Dorslandafrikaans.

2. Sy navorsing oor die rol van die variëteite in die verklar van die herkoms van Afrikaans

Enige Afrikaanse akademikus wat werk met die verskeidenheid van Afrikaans, word spoedig gekonfronteer met prof Van Rensburg se werk oor taalvariasie. Hier gaan dit nie net om die natuurlike variasie van Afrikaans nie, maar in die besonder om die drie historiese variëteite van Afrikaans.

Vandag word op basis van sy werk vry algemeen aanvaar dat Afrikaans drie eiesoortige historiese variëteite het, naamlik *Kaapse Afrikaans* (die taal van die oorspronklike nedersetters en die uiteindelijke invloed daarop deur die taal van die slawe uit die Ooste), *Oosgrensafrikaans* (die taal van die trekboere en ander trekkers en migrante, die taalvorm wat mettertyd die basis gevorm het van wat hy vandag Binnelandse Afrikaans noem, en ook van dit wat ons as Standaardafrikaans ken) en *Oranjerivierafrikaans* (die taal wat die Khoi-stamme saamgeneem het op hulle tog na die Oranjerivier (Gariep)).

Die belangrike insig wat hy in hierdie verband bring, is dat die studie van die variëteite van Afrikaans ook heelwat lig kan werp op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Die studie van taalvariasie in Afrikaans lei tot hierdie onderskeiding wat op sy beurt tot nuwe insigte gelei het oor hoe Afrikaans ontwikkel het, mettertyd 'n eie vorm aangeneem het (en danksy prof Van Rensburg se navorsing weet ons nou dat die 'eie vorm' beslis nie eenduidig was nie), oor jare gegroei het en ook later vertak het in die groot aantal identifiseerbare meer sinchroniese variëteite. Sodoende is ons kennis oor Afrikaans beduidend uitgebrei.

Hierdie werk is deur talle ander navorsers verder geneem en verfyn sodat ons vandag kan sê dat ons werklik wêét hoe die diachroniese en sinchroniese variasie van Afrikaans lyk. Ons weet danksy hom meer van die Afrikaans van die Buysdorpers, van Thlabane, van Afrikaans in Namibië, en van die konsep "soorte Afrikaans".

Belangrike boekpublikasies in hierdie fase is die volgende:

- Van Rensburg, M.C.J.; L.T. du Plessis & A.H. Klopper 1989. *’n Verkenning van Afrikaans: Gister*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Rensburg, M.C.J. 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Rensburg, M.C.J.; A. Davids, J. Ferreira, T. Links & K.P. Prinsloo 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik. [’n Standaardbron]

Die artikels wat hieruit gespruit het, spreek vanself.

3. Navorsing oor die politiek van Afrikaans

In die 1980's en later het hy hom ook bemoei met vrae oor die toekoms van Afrikaans. Talle belangwekkende artikels het in hierdie tyd verskyn. Telkens was daar die vraag: wat het verkeerd geloop met die verlede van Afrikaans en hoe maak ons dit reg? Die taalpolitieke konteks van Afrikaans is indringend ondersoek en daar is gewys op belangrike perspektiewe wat ontbreek in die ontvou van hierdie proses.

- So het hy vroeg uitgewys dat Afrikaans as *taal* nie die skuld kan dra vir foute wat *sprekers* van die taal gemaak het nie (Afrikaans was dus nooit 'n onderdrukkerstaal nie, maar van die sprekers van Afrikaans het wel in die taal verdrukkend opgetree). Dit is 'n uiters belangrike korrektief rakende oordele oor die geskiedenis van Afrikaans – dat Afrikaans gedepolitiseer moet word.
- Volgens hom het Afrikaans se 'redding' gelê in die *demokratisering* van Afrikaans (nie net in die taalvorm deur die volledige erkenning van variëteite nie, maar ook in die weerspieëling van die deelname aan gesprekke oor taal deur die volle gemeenskap wat die taal praat) sodat daar 'n 'nuwe Afrikaans' tot stand kan kom. Hiermee het hy 'n verloper geword van die

huidige inklusiewe benadering tot die geskiedenis van Afrikaans, weg van die Afrikanernasionalistiese siening van die tyd voor die 1980's.

4. Navorsing oor Khoi-Afrikaans

Sedert sy aftrede het hy hom bemoei met die werklike aard, omvang en invloed van die eerste inwoners aan die Kaap, die Khoi-Khoin. Hy wys uit dat die invloed van die eiesoortige Afrikaans van die Khoi inderdaad veel groter is as wat vermoed is, en ook dat hierdie invloed veel vroeër was as wat oor die jare geglo is. Dit noem hy Beginafrikaans en hierdeur word nog 'n leemte in die geskiedskrywing van Afrikaans in perspektief geplaas. Dit het aanleiding gegee tot talle invloedryke artikels wat daartoe bygedra het dat ons vandag die aard van vroeë Afrikaans, ook van Khoi-Afrikaans as onderdeel van die groot geheel, beter begryp.

Dit het gelei tot die onderstaande boek wat hy op versoek van die Afrikaanse Taalraad geskryf het, juis sodat die geskiedenis van Afrikaans uit 'n wyer hoek as in die verlede bekyk en ondersoek kan word. Die skryf van hierdie boek, wat daarop gemik was om regstellend met die verlede van Afrikaans om te gaan, moes hoogs komplekse sake op 'n eenvoudige wyse oordra sodat die breër publiek ook kennis kan neem van die uitkoms van taalkundige ondersoek. Slegs 'n meester van sy vak kan dit so netjies doen.

- Van Rensburg, C. (M.C.J.) 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA.

Hierdie boek word tans in Engels vertaal sodat die buitelandse mark ook kennis kan neem van die nuwe blik op die geskiedenis van Afrikaans en die diverse Afrikaanse gemeenskap. Die plan is dat hierdie boek mettertyd ook in ander Europese tale vertaal sal word: Nederlands, Duits, Frans en moontlike nog ander tale volgens behoefte.

5. Navorsing oor die Afrikaanse Taalkommissie

Sy ervaring en kennis van die herkoms van Afrikaans het daartoe gelei dat hy gevra is om die geskiedenis van die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns op te teken in die lig van die publikasie van die Akademie se 11de uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Met sy tipiese deeglikheid het hy argiewe op verskeie plekke ontgin, en die manuskrip oor die werk van die Taalkommissie is tans reeds in manuskripvorm en dit behoort later in 2018 te verskyn.

- Van Rensburg, M.C.J. (2018). *Die Taalkommissie se eerste honderd jaar*. [In publikasieproses]